Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

NUUSBRIEF 12

27 Maart 2017

Geagte Ouers

SKOOL SLUIT

Die skool sluit vir die eerste kwartaal op Vrydag, 31 Maart 2017 om 11:00. Leerders kan gewone klere aantrek en snoepiegeldjie of 'n piekniekdingetjie saambring. Skooltasse kan by die huis gelos word. Die leerders van Graad 1 tot 7 gaan die oggend oorbaan speel. Sou u, u kind/ers voor 11:00 wil kom afhaal, moet u die oggend reeds 'n skrywe na die klasonderwyser stuur sodat reëlings vooraf getref kan word. Die leerders sal hulle rapporte ook Vrydag ontvang.

SAKKEPROJEK

Alle sakkebestellings wat voor of op Vrydag, 24 Maart 2017 betaal is, kan op Woensdag, 29 Maart 2017 vanaf 07:00 tot 13:00 afgehaal word.

EISTEDDFOD

Neem kennis van die Eisteddfod wat tydens die week van 22 – 26 Mei 2017 plaasvind. Verdere reëlings sal deurgegee word. Daar is GEEN Eisteddfod oefening vir Graad 4 – 7 leerders op Woensdag, 29 Maart 2017 nie.

REVUE

Daar sal op Woensdag, 29 Maart 2017 geen oefening vir beide revuegroepe wees nie. Die leerders moet die dag wat die skool begin hulle Villiesdrag aantrek. Daar sal in skooltyd 'n ekstra oefening plaasvind.

NETBAL

Daar is geen wedstryde die week nie, maar neem kennis dat die eerste ligawedstryd vir O/10 tot O/13 spanne in die eerste week van die tweede kwartaal plaasvind. Die eerste wedstryd vind reeds op Woensdag, 20 April 2017 by Laerskool Mayville plaas. Die dogters sal vroeg volgende kwartaal 'n briefie in die verband ontvang.

AFHAAL VAN LEERDERS TYDENS SPORTWEDSTRYDE

Op die middae wanneer daar wegwedstryde is vir rugby- en netbalspanne, mag die ouers slegs vanaf 13:00 die ontvangs betree. Die betrokke spanlede sal by die Monumentjie bymekaar kom en vandaar geroep word sodat daar so min moontlike steurings in die klasse is.

MINI-NETBAL

Wedstryde word op die volgende datums gespeel:

O/6 en O/7 dogters: 20 April 2017 by Laerskool Villieria
13 Mei 2017 by Laerskool Hermanstad
27 Mei 2017 by Laerskool Generaal Beyers

O/8 en O/9 dogters:
20 April 2017 by Laerskool Villieria (vriendskaplik)
4 Mei 2017 by Laerskool Villieria (mini-liga)
11 Mei 2017 by Laerskool Totiusdal (mini-liga)
18 Mei 2017 by Laerskool Magalieskruin (mini-liga)
27 Mei 2017 by Generaal Beyers (vriendskaplik)

Programme sal later deurgegee word. Ouers word deur wyse van sms laat weet indien daar geen oefening sal wees nie.

RUGBY

Al die B-spanne speel wedstryde op Dinsdag, 28 Maart 2017 by Laerskool Villieria. Spelers sal môre programme ontvang. Daar sal geen oefening op Donderdag, 30 Maart 2017 wees nie.

SNOEPIESAKE

Ons vra groot asseblief aan al ons ouers om ons behulpsaam te wees en leerders te ontmoedig om soggens voor skool reeds in lekkergoed te belê, maar eerder die meer voedsame kosprodukte aan te skaf en later die dag hulself te bederf met die groot kinderversoeking naamlik **: soetigheid**.

Alle naskoolkinders moet kennis neem dat die snoepie soggens gedurende die vakansie oop sal wees.

SOKKIE

'n Welverdiende sokkie vir ons Graad 5 – 7 leerders vind op Donderdagaand, 30 Maart 2017 vanaf 18:30 tot 21:00 plaas. Elke leerder bring R20 saam en ontvang sy tradisionele koeldrank en pakkie skyfies.

LW Geen leerder van ander skole word toegelaat nie en behoorlike manspersoneeltoesig word weereens verseker.

BOEKUITSTALLING

Na 'n suksesvolle boekvoorlesing wat deur die skrywer, Fanie Viljoen waargeneem is, sal daar 'n boekuitstalling op Donderdag, 30 Maart 2017 in die skoolsaal wees. Die leerders sal dan die geleentheid kry om van die boeke te koop. Die dame sal tot 14:00 beskikbaar wees. Die leerders het reeds verlede Vrydag 'n brosjure met boeke en pryse wat beskikbaar sal wees, ontvang.

Ons wens al ons ouers 'n veilige vakansie toe.

Groete.



_____
D P HAASBROEK
HOOF